

ONGEOUDITEERDE RESULTATE

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2016



SVDD-waarde styg tot **R14,5mjd** of **R8,40** per aandeel op 26 September 2016

Suksesvolle internalisering van die bestuursooreenkoms

Herhalende wesensverdienste per aandeel **↓ 3%** tot **14,9 sent**

Wesensverdienste per aandeel **↑ 134%** tot **14,3 sent**

OORSIG

Zeder is 'n beleggingshouermaatskappy wat in die breë landboubedryf en verwante bedrywe belê. Die maatskappy sal voortgaan om hoofsaaklik in hierdie bedrywe te belê, maar sal die moontlikheid ondersoek om sy beleggingstrategie uit te brei om die breër volhoubaarheidsbedrywe soos water, afval en hernubare energie in te sluit, wat wêreldwyd al hoe meer relevant raak. Zeder se belang van 27,2% in Pioneer Foods bly sy grootste belegging, wat 66,1% (29 Februarie 2016: 60,9%) van die portefeulje verteenwoordig.

SOM-VAN-DIE-DELE ("SVDD")

Zeder se SVDD-waarde, wat bereken word deur die gekwoteerde markpryse vir alle JSE-genoteerde beleggings en markverwante waardasies vir ongenoteerde beleggings te gebruik, het gedurende die oorsigtydperk met 18% gestyg tot R14,4mjd op 31 Augustus 2016, nadat Pioneer Foods se aandeelprys sterk herstel het. Na die uitreiking van 207,7m Zeder-aandele volgens die gerapporteerde internalisering van die bestuursooreenkoms met effek van 1 September 2016, het Zeder se SVDD-waarde R14,5mjd of R8,40 per aandeel op 26 September 2016 bedra.

Maatskappy	29 Feb 2016		31 Aug 2016		26 Sep 2016	
	Belang (%)	Rm	Belang (%)	Rm	Belang (%)	Rm
Pioneer Foods	27,2	7 574	27,2	9 903	27,2	10 108
Capespan	96,6	2 027	98,1	2 064	98,1	2 064
Zaad	92,3	1 246	92,9	1 310	92,9	1 310
Kaap Agri	39,4	758	39,6	880	39,6	880
Agrivision	55,9	614	55,9	614	55,9	614
Quantum Foods	26,4	168	26,4	173	26,4	173
Ander		44		42		42
Totale beleggings		12 431		14 986		15 191
Kontant		118		2		2
Ander netto verpligtinge		(324)		(607)		(648)
SVDD-waarde – voor bestuursfooi-verpligting		12 225		14 381		14 545
Bestuursfooi-verpligting*		(1 667)		(1 961)		
SVDD-waarde – na bestuursfooi-verpligting		10 558		12 420		14 545
Aantal uitgereikte aandele (miljoen)		1 523		1 523		1 731
SVDD-waarde per aandeel – voor bestuursfooi-verpligting (rand)		8,03		9,44		
SVDD-waarde per aandeel – na bestuursfooi-verpligting (rand)		6,93		8,15		8,40

* Bereken as 12% nuwe uitgereikte Zeder-aandele vermenigvuldig met Zeder se SVDD-waarde per aandeel.

HERHALENDE WESENSVERDIENSTE

Herhalende wesensverdienste vanaf beleggings

Bestuurs(basis)fooi	314	314	805
Netto rente, belasting en ander inkomste en uitgawes	(81)	(75)	(155)
	(8)	(11)	(18)

Herhalende wesensverdienste

Nie-herhalende wesensverdienste

Bestuurs(prestasie)fooi	(81)		
Ander	(55)	(10)	(87)

Wesensverdienste

Nie-wesensitems

	89	218	545
	(24)	(4)	237

Toeskryfbare verdienste

	65	214	782
--	----	-----	-----

Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (miljoen)

	1 458	1 523	1 490
--	-------	-------	-------

Herhalende wesensverdienste vanaf beleggings per aandeel (sent)

	21,5	20,6	54,0
--	------	------	------

Herhalende wesensverdienste per aandeel (sent)

	15,4	14,9	42,4
--	------	------	------

Wesensverdienste per aandeel (sent)

	6,1	14,3	36,5
--	-----	------	------

Toeskryfbare verdienste per aandeel (sent)

	4,4	14,0	52,5
--	-----	------	------

Herhalende wesensverdienste per aandeel het met 3% tot 14,9 sent gedaal weens moeilike handelstoestande ervaar by Capespan, Zaad en Quantum Foods. Wesensverdienste per aandeel het met 134% tot 14,3 sent gestyg, hoofsaaklik omdat daar gedurende hierdie verslagtydperk nie vir 'n prestasiebestuursfooi voorsiening gemaak is nie, en weens 'n laer SEB-koste by Pioneer Foods.

INTERNALISERING VAN BESTUURSOOREENKOMS

Op 29 Augustus 2016 het Zeder-aandeelhouders ten gunste van die verkryging van die regte tot die bestuursooreenkoms vanaf PSG Groep gestem, in ruil vir die uitreiking van 207 661 758 Zeder-aandele, wat 'n ekwiteitsbelang van 12% verteenwoordig. Alle opskortende voorwaardes is gedurende September 2016 vervul en die implementering van die transaksie is suksesvol afgehandel. PSG Groep se aandeelhouding in Zeder het gevolglik van 34,5% tot 42,4% toegeneem, met geen verdere bestuursfooi wat aan PSG Groep betaalbaar is volgens hierdie ooreenkoms nie.

Hierdie transaksie behoort positiewe resultate vir Zeder-aandeelhouders te lewer. Op 'n soortgelyke grondslag sal Zeder se vrye kontantvloed beduidend verbeter, terwyl die groot historiese diskonto tussen Zeder se aandeelprys en SVDD-waarde per aandeel

	Ongeouditeer	Geouditeer
	31 Aug 2015	29 Feb 2016
	6 maande Rm	12 maande Rm
Herhalende wesensverdienste vanaf beleggings	314	805
Bestuurs(basis)fooi	(81)	(155)
Netto rente, belasting en ander inkomste en uitgawes	(8)	(18)
Herhalende wesensverdienste	225	632
Nie-herhalende wesensverdienste		
Bestuurs(prestasie)fooi	(81)	
Ander	(55)	(87)
Wesensverdienste	89	545
Nie-wesensitems	(24)	237
Toeskryfbare verdienste	65	782
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (miljoen)	1 458	1 490
Herhalende wesensverdienste vanaf beleggings per aandeel (sent)	21,5	54,0
Herhalende wesensverdienste per aandeel (sent)	15,4	42,4
Wesensverdienste per aandeel (sent)	6,1	36,5
Toeskryfbare verdienste per aandeel (sent)	4,4	52,5

teoreties behoort te verminder. Dit behoort tot 'n hoër Zeder-dividend te lei, skriptransaksies moontlik te maak wanneer die geleentheid hom voordoen, en sal Zeder in staat stel om verdere finansiering vir die maak van beleggings te bekom. Die huidige verteenwoordigers van PSG Groep sal steeds op beide Zeder se uitvoerende komitee en direksie dien, en help om strategie te bepaal en beleggingsbesluite te neem vir 'n nominale fooi van R5m per jaar, wat jaarliks styg teen 'n koers gelykstaande aan die verbruikersprysindeks. PSG Groep bly die grootste aandeelhouer in Zeder.

VOORUITSIGTE

Zeder sal aktief by sy bestaande portefeuljemaatskappye betrokke bly en deurentyd nuwe geleenthede ondersoek. Ons glo dat die landboubedryf plaaslik sowel as in die buiteland lonende beleggingsgeleenthede bied, ondanks onafwendbare sikliese bewegings. Die strukturele verandering na die internalisering van die bestuursooreenkoms belooft positief vir Zeder te wees en ons glo dat die maatskappy en sy aandeelhouders hierby sal baat vind.

DIVIDEND

Zeder se beleid is tans om slegs 'n finale dividend met jaareinde te verklaar.

ONGEOUDITEERDE FINANSIËLE RESULTATE

Hierdie verkorte aankondiging bevat slegs 'n opsomming van die inligting in die volledige aankondiging wat Woensdag, 5 Oktober 2016 op SENS vrygestel is, en is die verantwoordelikheid van die direksie. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is ook op Zeder se webwerf beskikbaar by www.zeder.co.za of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en verkry word by die maatskappy se geregistreerde kantoor. Enige beleggingsbesluite moet gebaseer word op 'n oorweging van die inligting in die volledige aankondiging wat op SENS vrygestel is.

Geteken namens die direksie

Jannie Mouton
Voorsitter

Stellenbosch
5 Oktober 2016

Norman Celliers
Hoof uitvoerende beampte

Zeder Beleggings Bpk: In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer, Registrasienommer: 2006/019240/06, JSE-aandeelkode: ZED, ISIN-kode: ZAE000088431 **Direkteure:** JF Mouton (Voorsitter), N Celliers* (HUB), JH le Roux* (FD), GD Eksteen*, WL Greeff, ASM Karaan*, NS Mjoli-Mncube*, PJ Mouton, CA Otto* (*uitvoerend *onafhanklik nie-uitvoerend)

Sekretaris en geregistreerde kantoor: Rose Bridge 59 (Edms) Bpk (naamsverandering na Zeder Corporate Services (Edms) Bpk in proses), 2de Verdieping, Ou Kollege, Kerksstraat 35, Stellenbosch, 7600; Posbus 7403, Stellenbosch, 7599

Oordragsekretaris: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001; Posbus 61051, Marshalltown, 2107 **Borg-makelaar:** PSG Capital **Ouditeur:** PricewaterhouseCoopers Geïnk.